# Kritiese taalbewustheid

Kritiese taalbewustheid word al hoe belangriker in die hoërskool en daar word verwag dat dit nog belangriker gaan wees in die nuwe leerplan wat in 2025 geïmplimenteer gaan word. Dit is dus goed as leerders tydens hul laerskooldae reeds hiermee kennis maak.

| | |
|---|---|
| **EMOSIONELE TAALGEBRUIK** is iets wat adverteerders gewoonlik inspan om mense te oortuig om 'n produk te koop. Kyk na hoe mense voel en wat hulle sê.<br><br>**OORDRYWING** is deel van emosionele taalgebruik.<br><br>**VERKLEINING** is deel van emosionele taalgebruik. Dit word dikwels ter vertedering gebruik. | Ouma Mollie maak dikwels van **emosionele woorde** gebruik. Bv. haar uitroep: "Konsternasie!"<br><br>"Haar neusgate suig en blaas oop en toe."<br><br>Ouma Mollie noem haar kar "Spokie" en vir Nina "Seekatjie". |
| **STEREOTIPERING** – 'n vereenvoudigde idee wat mense oor iets, iemand of 'n groep het. Dit is gewoonlik in gebruik wanneer iemand veralgemeen. Dis gewoonlik vroue of rassegroepe wat gestereotipeer word. | Voorbeelde:<br>Tieners is onverantwoordelik.<br>Vroue bestuur swak.<br>Mans mag nie huil nie.<br>Oumas moet brei en koekies bak. (... en nie terug skool toe gaan nie!) |
| **LETTERLIKE BETEKENIS** dui op die gewone betekenis van 'n woord; die letterlike, saaklike en objektiewe betekenis van 'n woord. | Op pad skool toe tref hulle amper 'n lamppaal, 'n asblik en 'n man op 'n fiets ... Ouma Mollie tref letterlik amper al hierdie voorwerpe. |
| **FIGUURLIKE BETEKENIS** dui op die ongewone betekenis van 'n woord, 'n bybetekenis, iets wat nie letterlik is nie. | "Dit klink of hy 'n tikmasjien ingesluk het." Die seun het nie regtig een ingesluk, maar sy tande klap op mekaar soos wat dit klink as jy op 'n tikmasjien tik. |
| **DIREKTE BETEKENIS** is wanneer jy jou gevoelens direk bekend maak. | Ouma Mollie: "Skool is nou glad nie vir my nie." |
| **GEÏMPLISEERDE BETEKENIS** dui op 'n verskuilde boodskap. Wanneer jy iets nie reguit sê nie. | "Ouma mis die skoolhek met die breedte van 'n kat se snorbaard." Dit beteken sy het die hek net-net mis gery. |